

PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

ORDER PAPER

THURSDAY, 11 SEPTEMBER 2025

HOUSE: 14:15

INTERPELLATIONS AND QUESTIONS

STATEMENTS BY MEMBERS

MOTIONS

FURTHER BUSINESS

MOTIONS WITH NOTICE (*11 September 2025*)

1. Mr G P Marais: That the House debates the urgent need for an Orderly Urbanisation Plan for the Western Cape in response to the many challenges due to rapid in-migration to this province.
2. Mr M B Ngqentsu: That the House debates the smuggling of illegal firearms from Namibia and their flow into the Western Cape.
3. Ms N D Nkondlo: That the House debates the high number of young people in the Western Cape who are not in employment, education or training (NEETs).
4. Mr D W Bryant: That the House debates the challenges relating to the conservation of endangered plant and animal species in the Western Cape and the measures required to strengthen biodiversity protection and habitat preservation across the province.
5. Mr T C R Walters: That the House debates the impact of the inefficiency and under-performance of national departments on the Western Cape.
6. Ms W F Kaizer-Philander: That this House debates the failure of the national government to address adequately the systemic issues that are leading to the spate of child killings.
7. Ms B M van Minnen: That the House debates the consequences of continued understaffing at SAPS precincts across the province.
8. Ms B M van Minnen: That the House debates the impact of reduced funding to national sport federations and how this affects sporting codes on grassroots level.

9. Mr M Booysen: That the House debates the feasibility of the implementation of the National Health Insurance (NHI) and its impact on the most vulnerable in the province.

NOTICES OF MOTION (4 September 2025)

1. Mr M K Sayed: That the House notes and strongly condemns the actions of Premier Alan Winde and the Western Cape Government for taking the National Health Insurance (NHI) to the Constitutional Court, an action that undermines the National Health Policy and wastes public funds that could be used to improve healthcare services in the province; notes that, during his 2025 State of the Province Address, Premier Winde claimed that the Provincial Strategic Plan (PSP) 2025–2030 “is aligned with the national Medium-Term Development Plan (MTDP), which will guide our work over the next term”, yet, by challenging the NHI in court, the Premier has directly contradicted the MTDP, which explicitly positions the NHI as a central pillar of universal, equitable healthcare; notes that this action exposes the DA’s naked hypocrisy and demonstrates that the Western Cape Government prioritises political obstruction and balkanisation over the health and well-being of its citizens, particularly poor and working-class communities; further notes that at yesterday’s meeting of the Standing Committee on the Premier and Constitutional Matters, Premier Winde’s Department was confused as to whether the PSP is a strategic plan or a framework, with the Director-General clarifying it to be a “road map”; notes that members of the public who attended the meeting stated that they were so confused by the presentation that they could see the Premier is out of touch with the people, and this reaffirmed their lived reality of being ignored and disconnected from decision-making processes; further notes that the NHI is a progressive reform aimed at ensuring access to quality healthcare for all South Africans and that resources being spent on lawyers and litigation could instead be directed toward clinics, hospitals, medical staff and service delivery in communities most in need; notes that Premier Winde’s legal challenge clearly shows that the DA is not concerned about the health of the people, but only that they remain healthy enough to work; welcomes the principle of universal healthcare and the implementation of the NHI as outlined in the MTDP; calls on the Premier and the Western Cape Government to withdraw this Constitutional Court challenge immediately and to commit fully to supporting the NHI in line with national priorities; and resolves that the DA’s obstruction of the NHI be exposed, that public funds be redirected to the delivery of healthcare, and that all health policy in the province be aligned with the national Medium-Term Development Plan to ensure equitable access and service for all.
2. Mr M K Sayed: That the House notes and welcomes the announcement by the Department of Public Works and Deputy Minister Sihle Zikalala to use the Expropriation Act to reclaim hijacked, abandoned and derelict buildings in the Western Cape, particularly in areas such as Goodwood and Kraaifontein, and repurpose them for public good; notes that 43 buildings have already been identified under Operation Bring Back and that Deputy Minister Sihle Zikalala has affirmed the government’s commitment to use the Expropriation Act, including where necessary without compensation, to return these properties to productive use; further notes that the Expropriation Act, signed into law in January 2025, explicitly allows for expropriation without compensation in circumstances where properties are abandoned, hijacked or pose a danger to surrounding communities; notes that this progressive intervention ensures that buildings left to decay or in criminal misuse are brought back under democratic ownership and redirected to serve urgent public needs, such as affordable housing, community facilities and social services; further notes that many communities in the Western Cape face an acute housing shortage, which is made

worse by urban decay caused by abandoned or hijacked properties, and that decisive action by the national government is necessary to address these injustices, particularly where the Western Cape Government has failed to act decisively; resolves to support the use of the Expropriation Act to reclaim abandoned and hijacked properties in the Western Cape to ensure that they are rehabilitated for public benefit; and calls on the Western Cape Government to work with the Department of Public Works and affected communities to implement this programme in a transparent, just and effective manner.

3. Ms N D Nkondlo: That the House notes with outrage the dishonesty of the Democratic Alliance in claiming that the City of Cape Town was forced to discontinue the provision of emergency kits during the COVID-19 pandemic due to instructions from the National Treasury; notes that the truth is that the National Treasury called on all state departments to reprioritise budgets to respond to the crisis, yet it was the DA-run municipality that chose to cut this critical service, leaving vulnerable families without urgent relief in their time of greatest need; condemns the DA for once again misleading the public and attempting to shift blame to the national government to cover up its own callous decision-making; notes that the DA's deliberate removal of this essential support during a national disaster exposed its lack of compassion for poor and working-class communities and its habitual use of lies to deflect accountability; and calls on the DA to take responsibility for its decisions, to stop misleading residents of the Western Cape, and to commit to restoring services that protect the dignity and livelihoods of vulnerable households.
4. Ms N D Nkondlo: That the House notes the crisis of Cape Town tariffs and the ever-rising cost of living; notes that it has become a reality for most Capetonians that they cannot afford to live with dignity in this city they call home; notes that what good is a city where its citizens cannot afford to live in it; notes that the only people who can afford to live in Cape Town are increasingly foreigners; notes that there is an increasing number of Germans, Ukrainians and Russians snapping up properties on the Atlantic seaboard; notes that this is because of the Euro exchange rate to the local currency; notes that, to them, the property prices are cheap, and they can comfortably afford to pay the monthly municipality rates, which in areas such as Camps Bay can average above R10 000 per month; notes that, what about the citizens of this city who have been property owners for many years and are now faced with the reality of not being able to afford the monthly rates imposed by the city; notes that this is a despicable plan and strategy by the City to force its residents out of their homes in order to enable foreign ownership; notes that a large percentage of these foreign owners do not intend to make Cape Town their primary residence, meaning these homes often stand empty and their owners do not contribute to the city's overall economy; notes that cities such as London and Amsterdam have faced similar challenges and often debated the effects of increasing property tariffs in driving inequality among their people; notes that the House of Commons saw Brexit as an opportunity to address socioeconomic issues, including property ownership and housing inequality, and restore major cities such as London back into the hands of the British people; notes that, in 2013, it was widely reported that London's property ownership had become more Indian, Chinese and Russian and less British, forcing Londoners with no other option but to rent; notes that, to bring this home, look at the analogy of Yanga, a 28-year-old architect graduate who lives in Guguletu and commutes daily to the Cape Town CBD to service his employment duties in one of the city's prestigious property development firms; he has been working here for over five years and is grateful to have this job, as some of his graduates are out of employment; it saddens Yanga's heart to think that he designs apartments that he cannot afford to purchase at his

current salary; these are apartments deemed as lock-up-and-go type of living targeting young professionals, which Yanga falls under, yet it is outside of his affordability range; who are we to blame for this?; even if Yanga partnered with his girlfriend to purchase a R2,1 million property, they would not afford the cost of residing in the inner city as young black professionals; this excludes the almost R5 000 they will have to fork out monthly for levies, rates, water and electricity; there are many Yanga's out there who are facing similar struggles; notes that, how can this city pride itself as the "best city to live in" when the majority of its citizens cannot afford to live in the majority of the areas?; and notes that something needs to change.

5. Ms R Windvogel: That the House notes with outrage the protest by residents of Bloekom-bos and Wallacedene in Kraaifontein who were forced to march through sewage-filled streets to demand the most basic services, including a mobile police station, a gender-based violence desk, 24-hour clinic services, and urgent upgrades to roads, sanitation, streetlights and electricity; notes that these conditions expose the DA-led City of Cape Town and the DA-led provincial government's continued failure to deliver to poor and working-class communities, leaving residents to live in filth, fear and neglect; notes that, while the DA boasts about governance, the reality for communities in Kraaifontein is sewage in the streets, crumbling infrastructure and clinics and police stretched beyond breaking point; condemns the DA for abandoning the people of Kraaifontein; and calls on the provincial government to act immediately by meeting the residents' demands, by implementing a dedicated rural and township service-delivery plan and by ensuring that dignity, safety and health are restored to the people.
6. Ms B Stoffel: That the House notes the 80th anniversary of the end of World War II, marked by a grand military parade held in Beijing on 3 September 2025, which brought together world leaders including President Xi Jinping, Russian President Vladimir Putin, and North Korean leader Kim Jong Un, alongside representatives from across the globe; recognises that this commemoration was not only a display of China's military capabilities, but also an important reminder of the sacrifices made during the war and the collective responsibility of nations to safeguard peace; further welcomes the emphasis placed on national unity, historical memory and technological progress, which demonstrates the potential of science and innovation when directed towards national resilience and international stability; commends the spirit of solidarity reflected in this anniversary; calls for the strengthening of international cooperation to ensure that the horrors of global conflict are never repeated; further notes the deep and enduring relationship between South Africa and China, grounded in BRICS partnership and shared aspirations for peace, development and multipolar global cooperation; therefore urges that occasions such as these be used to deepen ties between our two nations, to foster dialogue and to build bridges of understanding across the international community in pursuit of peace, stability and prosperity for all peoples.
7. Ms B Stoffel: That the House notes with grave concern the alarming increase in the abuse of codeine-based cough syrup, colloquially known as "lean" among the youth in Cape Town; notes that this dangerous concoction, often mixed with fizzy drinks to induce euphoric height, has become prevalent in areas such as Lavender Hill; notes that during recent crime prevention operations, authorities discovered empty cough syrup bottles in nearly every public open space, indicating widespread misuse; notes that the situation escalated when a motorist was apprehended with a significant quantity of cough syrup and a ledger detailing sales to minors, leading to an arrest under the Medicines Act; condemns

the illicit sale and distribution of cough syrup to children; calls for immediate and decisive action from law enforcement to dismantle the networks facilitating this abuse; furthermore, urges the provincial government to enhance community outreach programmes aimed at educating the youth about the dangers of substance abuse and to strengthen support systems for at-risk individuals.

8. Ms B Stoffel: That the House notes the recent announcement that four municipalities in the Western Cape – Beaufort West, Cederberg, Kannaland and Matzikama – have qualified for Eskom debt relief under the National Treasury’s Debt Relief Programme, with a combined initial write-off of R93,1 million; notes that Beaufort West has received R25,6 million in relief, Cederberg R15 million, Kannaland R14,8 million and Matzikama R37,7 million; further notes that the programme allows for up to two-thirds of the remaining Eskom debt to be written off over the next two years, provided that municipalities continue to meet strict conditions of financial discipline, improved revenue collection and responsible governance; welcomes the decisive intervention by the National Treasury and Eskom in providing struggling municipalities with the space to recover, while condemning the DA-led provincial government for failing to provide the necessary leadership and oversight to prevent municipalities from collapsing into debt in the first place; notes that the reality is that the national government has stepped in where the province has failed; calls on the DA-led provincial government to stop paying lip service and instead provide tangible, consistent support to ensure municipalities meet the programme’s conditions, stabilise their finances and deliver reliable services to residents; and notes that anything less is a betrayal of the people who depend on these municipalities for basic services.

See also: Ms N D Nkondlo (p 8); Ms A P Bans (p 8); Mr B Ngqentsu (p 8); Ms B Stoffel (p 8); Ms P Z Lekker (p 8); Mr G Brinkhuis (p 10); Mr D G Jacobs (p 10); Ms N Mbombo (p 10); Mr D W Bryant (p 10); Ms W F Kaizer-Philander (p 10); Ms R Windvogel (p 10); Mr F Kamfer (p 10); Mr B Ngqentsu (p 10); Ms A P Bans (p 10); Ms B Stoffel (p 10); Ms A Cassiem (p 11); Mr N P Masipa (p 12); Mr D W Bryant (p 12); Mr F Kamfer (p 12); Ms A P Bans (p 13); Ms N D Nkondlo (p 13); Mr M K Sayed (p 13); Mr B Ngqentsu (p 13); Ms R Windvogel (p 13); Ms P Z Lekker (p 13); Ms B Stoffel (p 13); Mr D G Jacobs (p 13); Ms N D Nkondlo (p 14); Mr B Ngqentsu (p 15); Mr D G Jacobs (p 15); Mr G Brinkhuis (p 15); Mr B Ngqentsu (p 16); Ms N D Nkondlo (p 16); Mr G Brinkhuis (p 17); Mr B Ngqentsu (p 17); Ms P Z Lekker (p 18); Mr B Ngqentsu (p 18); Ms N D Nkondlo (p 18); Mr B Ngqentsu (p 24); Ms R Windvogel (p 24); Ms N D Nkondlo (p 24); Ms P Z Lekker (p 24); Ms A P Bans (p 24); Mr M K Sayed (p 25); Ms A P Bans (p 25); Ms B Stoffel (p 25); Ms P Z Lekker (p 25); Mr F Kamfer (p 25); Ms A P Bans (p 26); Ms P Z Lekker (p 26); Ms R Windvogel (p 26); Mr B Ngqentsu (p 27); Mr M K Sayed (p 27); Mr B Ngqentsu (p 28); Ms A P Bans (p 28); Ms P Z Lekker (p 29); Ms R Windvogel (p 29).

PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

ORDELYS

DONDERDAG, 11 SEPTEMBER 2025

HUIS: 14:15

INTERPELLASIES EN VRAE

VERKLARINGS DEUR LEDE

VOORSTELLE

VERDERE WERKSAAMHEDE

VOORSTELLE MET KENNISGEWING *(11 September 2025)*

1. Mnr G P Marais: Dat die Huis die dringende behoefte aan 'n Ordelykeverstedelikingsplan vir die Wes-Kaap debatteer in reaksie op die talle uitdagings weens vinnige interne migrasie na hierdie provinsie.
2. Mnr M B Ngqentsu: Dat die Huis die smokkelary van onwettige vuurwapens uit Namibië en die invloed daarvan na die Wes-Kaap debatteer.
3. Me N D Nkondlo: Dat die Huis die groot getal jongmense in die Wes-Kaap wat nie by indiensneming, onderwys of opleiding betrokke is nie, debatteer.
4. Mnr D W Bryant: Dat die Huis die uitdagings met betrekking tot die bewaring van bedreigde plant- en dierspesies in die Wes-Kaap debatteer en die maatreëls wat nodig is om die beskerming van biodiversiteit en die bewaring van habitats in die provinsie te versterk.
5. Mnr T C R Walters: Dat die Huis die impak van die ondoeltreffendheid en onderprestering van nasionale departemente op die Wes-Kaap debatteer.
6. Me W F Kaizer-Philander: Dat die Huis die nasionale regering se versuim om voldoende aandag te skenk aan die sistemiese kwessies wat tot die vlag kindermoorde lei, debatteer.
7. Me B M van Minnen: Dat die Huis die nagevolge van voortgesette personeeltekorte by SAPD-polisiëringsgebiede in die provinsie debatteer.
8. Me B M van Minnen: Dat die Huis die impak van verminderde befondsing aan nasionale sportfederasies debatteer en hoe dit sportsoorte op voetsoolvlak raak.

9. Mnr M Booysen: Dat die Huis die uitvoerbaarheid van die implementering van die Nasionale Gesondheidsversekering (NGV) debatteer en die impak daarvan op die weerloosste mense in die provinsie.

VOORSTELLE MET KENNISGEWING (4 September 2025)

1. Mnr M K Sayed: Dat die Huis kennis neem van en die optrede van die Premier Alan Winde en die Wes-Kaapse Regering sterk veroordeel omdat hulle die Nasionale Gesondheidsversekering (NGV) voor die Konstitusionele Hof gedaag het, 'n optrede wat die Nasionale Gesondheidsbeleid ondermyn en staatsfondse verkwis wat gebruik kon word om gesondheidsorgdienste in die provinsie te verbeter; kennis neem dat Premier Winde in sy provinsiale rede van 2025 beweer het dat die Provinsiale Strategiese Plan (PSP) 2025–2030 “met die nasionale Mediumtermynontwikkelingsplan (MTOP) belyn is, wat ons werk oor die volgende termyn sal lei”, maar deur die NGV voor die hof te daag, het die Premier die MTOP direk weerspreek, wat die NGV uitdruklik as 'n sentrale pilaar van universele, billike gesondheidsorg posisioneer; kennis neem dat hierdie optrede die DA se openlike skynheiligheid ontbloom en wys dat die Wes-Kaapse Regering politieke versperring en balkanisering bo die gesondheid en welstand van sy inwoners, veral arm en werkersklasgemeenskappe, plaas; verder kennis neem dat Premier Winde se Departement gister by die vergadering van die Staande Komitee oor die Premier en Grondwetlike Aangeleenthede verward was oor of die PSP 'n strategiese plan of 'n raamwerk is, en die Direkteur-generaal het verduidelik dat dit 'n “padkaart” is; kennis neem dat lede van die publiek wat die vergadering bygewoon het, genoem het dat hulle so verward was deur die voorlegging dat hulle kon sien dat die Premier uit voeling met die mense is, en dit het hul realiteit herbevestig dat hulle geïgnoreer word en van besluitnemingsprosesse uitgesluit word; verder kennis neem dat die NGV 'n progressiewe hervorming is wat daarop gemik is om toe te sien dat alle Suid-Afrikaners toegang tot gesondheidsorg van gehalte het en dat hulpbronne wat op prokureurs en regsdinge bestee word, eerder gebruik kan word vir klinieke, hospitale, mediese personeel en dienslewering in gemeenskappe wat dit die nodigste het; kennis neem dat Premier Winde se regsuitdaging duidelik toon dat die DA nie bekommerd is oor die mense se gesondheid nie, net dat hulle gesond genoeg is om te werk; die beginsel van universele gesondheidsorg en die implementering van die NGV verwelkom soos in die MTOP uiteengesit; 'n beroep doen op die Premier en die Wes-Kaapse Regering om hierdie geding in die Konstitusionele Hof onmiddellik terug te trek en hulself ten volle te verbind tot die ondersteuning van die NGV in lyn met nasionale prioriteite; en besluit dat die DA se versperring van die NGV ontbloom word, dat staatsfondse vir gesondheidsorgdienslewering aangewend word, en dat alle gesondheidsorgbeleide in die provinsie in lyn met die nasionale MTOP is om billike toegang en dienste vir almal te verseker.
2. Mnr M K Sayed: Dat die Huis kennis neem van en die aankondiging deur die Adjunkminister van die Departement van Openbare Werke, Sihle Zikalala, verwelkom om die Onteieningswet (“Expropriation Act”) te gebruik om gekaapte, verlate en vervalte geboue in die Wes-Kaap terug te win, veral in gebiede soos Goodwood en Kraaifontein, en om dit vir openbare voordeel te gebruik; kennis neem dat 43 geboue reeds vir Operasie Bring Terug geïdentifiseer is en dat Adjunkminister Sihle Zikalala die regering se verbintenis om die Onteieningswet te gebruik, bevestig het, insluitende sonder vergoeding waar nodig, om hierdie eiendomme weer vir produktiewe gebruik aan te wend; verder kennis neem dat die Onteieningswet, wat in Januarie 2025 bekragtig is, duidelik voorsiening maak vir onteiening sonder vergoeding onder omstandighede waar eiendomme verlate of gekaap is of 'n gevaar vir omliggende gemeenskappe inhou; kennis neem dat hierdie progressiewe

ingryping toesien dat geboue wat toegelaat is om verval te word of vir misdaad misbruik word, onder demokratiese eienaarskap teruggewin word en weer aangewend word om in dringende openbare behoeftes te voorsien, soos bekostigbare behuising, gemeenskaps-fasiliteite en maatskaplike dienste; verder kennis neem dat talle gemeenskappe in die Wes-Kaap 'n akute behuisingstekort die hoof moet bied, wat vererger word deur stedelike verval wat deur verlate of gekaapte eiendomme veroorsaak word, en dat beslissende optrede deur die nasionale regering nodig is om aandag te skenk aan hierdie ongeregthede, veral waar die Wes-Kaapse Regering versuim het om beslissend op te tree; besluit om die toepassing van die Onteieningswet te steun om verlate en gekaapte eiendomme in die Wes-Kaap terug te win om toe te sien dat dit tot openbare voordeel gerehabiliteer word; en 'n beroep doen op die Wes-Kaapse Regering om saam met die Departement van Openbare Werke en die betrokke gemeenskappe te werk om hierdie program op 'n deursigtige, regverdige en doeltreffend manier te implementeer.

3. Me N D Nkondlo: Dat die Huis met verontwaardiging kennis neem van die oneerlikheid van die Demokratiese Alliansie wat beweer dat die Stad Kaapstad gedwing is om die verskaffing van noodverligtingspakkies gedurende die COVID-19-pandemie te staak weens opdragte van die Nasionale Tesourie; kennis neem dat die waarheid is dat die Nasionale Tesourie 'n beroep gedoen het op alle staatsdepartemente om begrotings te herprioritiseer om op die krisis te reageer, maar dat dit die DA-beheerde munisipaliteit was wat verkies het om hierdie kritieke diens te staak, en weerlose families sonder dringende hulpverligting gelaat het in 'n tyd toe hul nood die grootste was; die DA veroordeel omdat hulle die publiek weer eens mislei en probeer om die skuld op die nasionale regering te pak om sy eie gevoellose besluitneming toe te smeer; kennis neem dat die DA se opsetlike verwydering van hierdie noodsaaklike ondersteuning gedurende 'n nasionale ramp sy gebrek aan medelye vir arm en werkersklasgemeenskappe en sy gebruiklike leuens om van verantwoordingspligtigheid weg te skram, blootgelê het; en 'n beroep doen op die DA om verantwoordbaar te wees vir sy besluite, om op te hou om die inwoners van die Wes-Kaap te mislei, en om hom te verbind tot die herstel van dienste wat die waardigheid en lewensbestaan van weerlose huishoudings beskerm.
4. Me N D Nkondlo: Dat die Huis kennis neem van die krisis met tariewe in Kaapstad en die lewenskoste wat voortdurend styg; kennis neem dat dit 'n realiteit geword het dat die meeste Kapenaars nie kan bekostig om met waardigheid te leef in hierdie stad wat hul tuiste is nie; kennis neem dat 'n stad nutteloos is as sy inwoners nie kan bekostig om daar te woon nie; kennis neem dat dit toenemend net buitelanders is wat kan bekostig om in Kaapstad te woon; kennis neem dat 'n toenemende getal Duitsers, Oekraïners en Russe eiendomme aan die Atlantiese kus opraap; kennis neem dat dit weens die wisselkoers van die euro teenoor die plaaslike geldeenheid is; kennis neem dat die eiendomspryse vir hulle goedkoop is, en dat hulle kan bekostig om die munisipale eiendomsbelasting maklik te betaal, wat in gebiede soos Kampsbaai gemiddeld meer as R10 000 per maand kan beloop; kennis neem dat, wat van hierdie stad se inwoners wat talle jare eiendom besit en nou die realiteit die hoof moet bied dat hulle nie kan bekostig om die maandelikse eiendomsbelasting te betaal wat die Stad hef nie; kennis neem dat dit 'n veragtelike plan en strategie van die Stad is om inwoners uit hul huise te dwing om buitelandse eienaarskap moontlik te maak; kennis neem dat 'n groot deel van hierdie buitelandse eienaars nie beoog om Kaapstad hul primêre woonplek te maak nie, wat beteken dat hierdie huise dikwels leeg staan en dat hul eienaars nie tot die stad se algehele ekonomie bydra nie; kennis neem dat stede soos Londen en Amsterdam soortgelyke uitdagings die hoof moes bied en dikwels die uitwerking van stygende eiendomstariewe gedebatteer het wat ongelykheid onder hul mense aandryf; kennis neem dat die Britse Laerhuis Brexit as 'n geleentheid beskou het om aandag te skenk

aan sosio-ekonomiese kwessies, insluitende eiendomseienaarskap en behuisingsongelykheid, en om groot stede soos Londen weer aan die Britse mense terug te besorg; kennis neem dat daar in 2013 van oral berig is dat Londen se eiendomseienaarskap meer Indiër, Chinees en Russies en minder Brits geword het, wat Londenaars met geen ander keuse gelaat het as om huurders te word nie; kennis neem dat, om dit te laat insink, daar gekyk kan word na die analogie van Yanga, 'n 28-jarige afgestudeerde argitek wat in Guguletu woon en elke dag na die Kaapstadse sentrale sakekern reis om sy pligte by een van die stad se vooraanstaande eiendomsontwikkelingsfirmas uit te voer; hy werk al meer as vyf jaar hier en is dankbaar vir hierdie werk, want sommige van sy afgestudeerde medestudente is werkloos; Yanga raak hartseer as hy dink dat hy woonstelle ontwerp wat hy nie kan bekostig om te koop met sy huidige salaris nie; hierdie woonstelle word as 'n toesluit-en-ry-lewenswyse beskou wat jong beroepslui teiken, waarvan Yanga deel is, maar dit kos meer as wat hy kan bekostig; wie word hiervoor blameer?; selfs indien Yanga en sy meisie saam 'n eiendom van R2,1 miljoen koop, sou hulle nie kon bekostig om as jong swart beroepslui in die stad te woon nie; dit sluit die nagenoeg R5 000 uit wat hulle elke maand aan heffings, eiendomsbelasting, water en elektrisiteit moet betaal; daar is baie Yanga's wat op dieselfde manier sukkel; kennis neem dat, hoe hierdie stad kan spog dat dit die "beste stad is om in te woon" wanneer die meeste van sy inwoners nie kan bekostig om in die meeste gebiede woon nie?; en kennis neem dat iets sal moet verander.

